Bekende en ervare DR JOHAN KRIEK het die afgelope 30 jaar met duisende diere te doen gehad en baie skoolgeld betaal. Hy gee raad oor hoe om risiko's te verminder en geld te bespaar deur basiese, logiese vangmetodes en -beginsels toe te pas. Verskeie van die beginsels wat as die norm aanvaar word, is steeds by baie wildvangers, boere en selfs veeartse afwesig.

Sit onmiddellik horingpype aan voordat enigiemand naby die bokke kom.

Wildvang – verminder die risiko van vrektes

Kritieke aspekte en metodes

Hitte, uitputting en stres

Hitte maak meer diere vrek as koue. Faktore wat hitte in diere beïnvloed, begin by hoe vinnig die dier uit die helikopter gepyl is. Is die dier kilometers ver gejaag voordat die perfekte pyl afgevuur is, of waag jy nou en dan 'n kans, pyl die bok vinnig en hou hom dan op 'n afstand vanuit die helikopter dop? Die dosis en kalmering is ongetwyfeld die belangrikste faktore in hitteregulering by diere omdat bokke wat nie behoorlik verdoof is nie, verskriklik spook en vinniger hitte opbou as wat jy hulle kan afkoel.

Dit beteken nie dat die dier nou voldoende gekalmeer is omdat hy vinnig geval het as gevolg van 'n hoë dosis verdowingsmiddel in die pyl nie. Die kalmeermiddels is trouens dalk nog belangriker om diere rustig te hou en sodoende hitte en stres te verminder. Hitte is die grootste oorsaak van

Indien buffels opgelig word, kyk dat die drukking eweredig versprei is en geen lugweë blokkeer nie. 'n Sagte dramat en sagte beddegoed is baie belangrik.

Wit vragmotors en waentjies is baie koeler as ander kleure.

Hierdie gemsbokkoei het haar femur gebreek toe haar been in die ysterrooster op die trok se vloer vasgehaak het.

Geweefde rubbermatte is altyd 'n goeie vloer vir vragmotors en waentjies.

vrektes in wild tydens die vangproses. Saam met hitte en stres kan ander gevolge soos aborsies ook voorkom.

Hou altyd water byderhand om diere mee af te koel indien hulle te veel gehardloop het, veral in gebiede waar dit baie sanderig is en hulle gouer moeg raak. Wees ook altyd bewus van die getal diere wat gepyl moet word en onthou dat die laaste dier wat gelaai word, gewoonlik die meeste gehardloop het en onder die grootste stres verkeer. 'n Goeie maatstaf is om nooit meer as 50 persent van 'n kudde van meer as 20 diere op een dag te pyl nie.

Wanneer daar nie genoeg voertuie of 'n helikopter is nie, veral in beboste dele, moet nooit meer as een dier op 'n slag pyl nie, tensy dit 'n klein kampie is en die diere heeltyd in die oog gehou kan word. Ek verbaas my oor hoeveel veeartse vier tot vyf diere ná mekaar pyl en die risiko loop dat die diere kan wegraak, op hul sye kan gaan lê en vrek.

As die dier se hitte aanvoelbaar te warm is, veral tussen die agterbene by die uier of testes, en hy hyg na sy asem, koel hom onmiddellik af deur stadig water oor hom te gooi. Dam die water met die hande teen die bok se vel op om hitte te absorbeer en laat dit dan afloop; eers aan die een kant en dan aan die ander kant, van die kop tot by die stert. Deur bloot net 'n bok nat te gooi, koel hom nie af nie;

Vervolg ↔

Gooi onmiddellik water oor die dier as hy warm voel en vryf sy vel van onder af boontoe.

↢ *Vervolg*

konduksie is dus baie belangrik by die afkoel van diere. Spuit ook dadelik 'n middel in om asemhaling te verbeter indien die bok baie gehardloop het en na asem hyg.

Werk vroegoggend en laatmiddag in die somer en moenie kanse vat indien dit te warm buite is nie. Al is die buitetemperatuur onder 30°, bou die bok se liggaamstemperatuur baie vinnig op tot baie hoër as dit omdat die verdowingsmiddel sy asemhaling onderdruk. Moet dus geen diere verdoof as die dagtemperatuur bo 30° styg nie.

Wanneer die bokke goed afgekoel is, kan jy hulle in die wa of vragmotor laai. Wees versigtig om nie water in 'n warm vragmotor te spuit nie, want dit kan die humiditeit verhoog en 'n nog groter gevaar van hipertermie inhou. Koel eerder die vragmotor se buitekant af en gebruik waar moontlik 'n wit vragmotor met goeie ventilasie. Daar moet luggate bo en onder wees sodat lugvloei kan plaasvind. Doen 'n praktiese toets en vergelyk die temperatuurverskil van 'n wit vragmotor met dié van 'n groen, beige of rooi een.

Die kalmeermiddels wat op warm dae gebruik word en die korrekte teenmiddels is van kardinale belang om die uitwerking van die verdowing so spoedig moontlik te neutraliseer – die diere moet so gou moontlik self termoreguleer omdat die meeste kalmeermiddels termoregulering uitskakel.

Versprei die helpers rondom die dier en tel hom gelyk op met sy kop op en sy bek ondertoe.

Hou altyd kanne water byderhand om diere mee af te koel. Trek die tong uit om slym uit die bek te laat loop soos hier aangedui word. Hou altyd die kop na bo en die neus na onder om die lugweë oop te hou.

Lekker dik matrasse werk baie goed as sagte beddegoed. So nie kan dik hooi of lusern gebruik word.

Vervoer

Baie min boere en wildvangers besef hoe belangrik sagte beddegoed is op die voertuie wat diere na die vragmotors toe aanry. Matrasse werk baie goed sowel as lusern, hooi of gras wat ten minste 2 voet diep is. Sagte beddegoed help nie net vir beter bloedsirkulasie nie maar keer ook dat diere rondrol en dalk hul bene kan beseer deur te skop.

Indien bokke hul bene doodlê, sukkel hulle om mooi op die hoef te trap. Hulle trap dan op die bokant van die hoef wat oorbuig sodat die hakgewrig hiperflekseer en ná slegs 30 minute skeur die kuitspier (gastrocnemius-spier) morsaf. In so 'n geval kan weinig gedoen word en die meeste sulke diere word uitgesit.

Afgesien van sagte beddegoed is dit ook belangrik om diere gereeld van een sy op die ander te draai sodat hulle nie hul bene doodlê nie. Elke 15 tot 20 minute is gewoonlik 'n goeie aanduiding.

Dra, laai en vervoer van verdoofde diere

Baie wildvangers gebruik harde metaaldraagbare of -borde om diere aan te dra. Wees versigtig daarvoor aangesien die diere baie hard lê en die metaal se temperatuur ook gewoonlik hoog is. Dramatte van seil werk maar in meeste gevalle die beste. Selfs in vragmotors is dit wys om rubbervoerings of -matte op die vloer te plaas wat keer dat die diere gly of te hard lê. Pasop ook vir ysterroosters op die vloer met gapings waarin diere se bene kan vassit asook vir gapings tussen die vragmotor en laaibank wanneer diere afgelaai word. Indien iets jou pla, moenie dit oorsien nie omdat "Murphy" by die meeste wildvanggeleenthede betrokke is – juis daardie een ding wat jou gepla het, kan probleme veroorsaak en dan kom spyt te laat.

Wanneer dit kom by die laai van diere moet werkers nooit 'n bok aan sy horings vorentoe sleep nie. Dit kan veroorsaak dat die heupe uit die potjie skuif. Horingpype is een van die belangrikste meganismes om personeel teen gevaarlike horings te beskerm. Werkers moet altyd die horings vashou. Let daarop dat veral jong diere dalk eerder by die ore vasgehou moet word of baie laag op die horingbasis indien die horings ferm genoeg is. Tel dan die dier op deur persone om die dier te laat staan; een by elke voorbeen en een by elke boud. Vou die dier se bene in, knyp die lies saam met die agterbeen, tel almal tesame op en plaas op die dramat. Die werkers moet die dier gelyk van voor na agter en van kant tot kant lig / optel sodat die ruggraat presies regop lê. Veral diere soos bastergemsbokke, gemsbokke en swartwitpense stoei baie as hulle skuins lê en kan hulself sowel as personeel beseer wanneer hulle skop. Swaarder spesies soos elande, buffels en sebras kan maar platgetrek word om die dramat in te skuif en dan weer regop gelig word. By sebras kan die radiale senuwee op die skapula beskadig word indien hulle te lank op harde of klipperige grond op een sy skuins lê.

Nadat 'n dier verdoof is, moet 'n mens so spoedig moontlik by hom kom en hom regop hou sodat hy nie skuins lê nie. Terwyl diere onder verdowing vervoer word, is dit belangrik om die kop op en die bek af te hou sodat slym gedurig kan uitloop en die lugweë oop is. Trek die tong uit om te help voorkom dat slym versamel, veral by buffels wat geweldig baie slym afskei. As persone rondom die diere sag werk, stadig beweeg en nie te veel gesels nie, beskou ek blinddoeke as oorbodig. In sekere gevalle en by sekere spesies stoei en baklei diere meer as hulle geblinddoek is. Diere is bewus van wat om hulle aangaan; beperk dus geraas en laat slegs een persoon op 'n keer praat.

Wanneer 'n dier vanaf 'n bakkie na 'n vragmotor oorgelaai word of andersom, hou altyd die dier horisontaal of die voorlyf effe hoër sodat daar nie drukking op die longe en hart is as gevolg van die rumen, wat asemhaling nog meer beperk nie.

Wanneer diere bykom

Wanneer die teenmiddel gespuit word, stel ek voor dat dit eerder in die spier as in die aar toegedien word. Diere word dan meer geleidelik wakker en spring nie op of hardloop, wat hulle kan beseer nie.

Hou altyd 'n dier se kop op terwyl hy bykom totdat hy self sy kop kan ophou. As jy sy kop te vinnig los, kan hy omval of sy neus teen die grond of 'n wa se kompartemente toedruk en vrek.

Dit klink dalk na baie eenvoudige en logiese metodes maar wees gewaarsku: Hierdie paar wenke kan deurslaggewend wees vir die oorlewing van jou diere en vrektes beperk.

Maak altyd diere naby water wakker, veral in groot gebiede.